

## 'n Blye boodskap vir die liggaam van Christus (1-3)

## Toepassing van die Evangelie in die Christen se lewe (4-6)

Paulus skryf die brief waarskynlik uit die tronk tussen 50-60nC

| Dag | Lees                      |
|-----|---------------------------|
| Ma  | Hand 19,20<br>Openb 2:1-7 |
| Di  | Ef 1                      |
| Wo  | Ef 2                      |
| Do  | Ef 3                      |
| Vry | Ef 4                      |
| Sat | Ef 5                      |
| Son | Ef 6                      |

*Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. (Ef 6:11)*

Al is jy as Christen saam met Christus 'n plek in die hemel gegee (1:20 en 2:6), en is jy geseën met die seëninge van die Heilige Gees (1:3), staan jy steeds in die hitte van die stryd. Jy moet die wapenrusting van God gebruik (6:11) en sorgvuldig let op al God se vereistes vir jou lewenswandel (Ef 4:1-3, 17; 5:2, 8 en 15).

Die inleiding

1. God se plan is ewig (1:4)
2. Die motivering vir die plan is God se liefde en genade (1:5)
3. Die inhoud van God se plan is tweeledig
  - 3.1 Die eerste deel van die plan is eenheid onder een hoof (1:10b)
  - 3.2 Die tweede deel van die plan is verlossing (1:7)
4. God voltrek die plan deur sy Seun (Ef 1:11 lees ook 1:3,6,7)
5. Die Heilige Gees is vir ons gegee as versekering dat ons deel is van die plan (1:14)
6. Wees dankbaar en prys Sy naam (1:12,14)

Die Evangelie

1. Hoekom is verlossing nodig? (Ef 2:1).
2. Wat het ons verdien? (Ef 2:3b).
3. Hoekom het God ons nie gestraf nie? (Ef 2:4,5)
4. Wat is die resultaat van die verlossing? (Ef 2:6)
5. Hoe moet ons dan nou lewe tot die wederkoms? (Ef 2:10).

Die kerk

1. Die kerk is deur die krag van God in die lewe geroep (1:15-2:10)
2. Jesus Christus is die hoof van die kerk (Ef 1:22,23).
3. Ons is almal lede van die kerk, lede van die husigesin van God (2:19)
4. Die kerk is soos 'n gebou met 'n hoeksteen – Christus en baie dele, die Christene. God woon in die geestelike huis deur Sy Gees (2:20-22).
5. Al hierdie lede het deel aan God se beloftes (3:1-13)

Die dankbare lewenswandel (4-6)

1. Lewe in ooreenstemming met die roeping wat julle van God ontvang het (4:1-3).
2. Moenie langer soos heidene lewe nie (Ef 4:17).
3. Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad (het) (Ef 5:2).
4. Leef as mense van die lig (Ef 5:8).
5. Wees baie versigtig hoe julle lewe. (Ef 5:15).

|            |                    |                  |                       |                  |                |                   |           |           |
|------------|--------------------|------------------|-----------------------|------------------|----------------|-------------------|-----------|-----------|
| Evangelies | Evangelie versprei | Verlossings leer | Briewe uit gevangenis | Opvolger riglyne | Kerk en lyding | Kerk en dwaalleer | Wederkoms | Die einde |
|------------|--------------------|------------------|-----------------------|------------------|----------------|-------------------|-----------|-----------|

## Die liggaam (Efesiërs oorsig).

Deur God se krag is Christus se opstanding bewerk.  
Aan God's regterhand is Hy nou hoof van die kerk. (Ef 1:19-22)

Die kerk is sy liggaam,  
Ja, dis ons almal saam. (Ef 1:23)

Ons, Christene is die kerk se gebou,  
maar, Jesus is die hoeksteen, onthou! (Ef 2:20).  
Ons is opgebou as geestelike huis  
en God self gaan in dié tempel tuis! (Ef 2:21;22)

Hierdie liggaam bly net groei,  
as jy met die Woord bly stoei.  
As jy van die verlossing vertel,  
word die wat hoor ook ingetel. (Ef 3:6)

Daar is net één:  
Een liggaam wat loof  
Een hoop  
Een in die geloof  
Een doop  
Een God. (Ef 4:4-5)

Hy is almal se vader.  
Sy werk bring almal nader. (Ef 4:6)  
Ons word net werklik een  
as ons kennis het van dié Een! (Ef 4:13).

Hy gee gawes vir jou,  
om die ligaam mee te bou.  
Die onvolwasse kerk as kind  
word rongslinger in die wind (Ef 4:14)  
Ons moet in liefde en waarheid bly,  
dan sal ons groei en word soos Hy! (Ef 4:15)  
Ons is liggaamsdele wat bymekaar pas:  
Elkeen met 'n doel en dra mekaar se las. (Ef 4:16)

As ons as liggaam wil bly staan,  
trek dan die wapenrusting aan:  
Die waarheid as gordel om jou lyf vas.  
Vrypraak deur God as bors harnas.  
Verkondig die evangelie dat God versoen  
Ja, Sy vredesboodskap is jou skoen.  
Met geloof as skild in die hand  
keer jy die bose pyle aan elke kant.  
Sit verlossing as helm op  
dit hou twyfel uit die kop...  
Vat die swaard van die Gees  
dit is om baie Bybel te lees! (Ef 6:10-17)

Liggaam, buig jou biddend voor Hom neer.  
Smeek by elke geleentheid tot jou Heer.  
Ja, vra dat Hy hierdie liggaam bewaar  
en lede, bly bid gedurig vir mekaar! (Ef 6:18)